# Mediterreense V!VA Bootvaart-toer

## Griekse Eilande, Egipte & Turkye

### 17 tot 29 Oktober 2025

Bederf jouself met 'n bootvaart op die nuwe **NORWEGIAN V!VA** na die Griekse Eilande, Egipte, Ciprus en Turkye. 'n Voordeel van ons toer is dat dit in die lae-seisoen herfstyd val, met heelwat minder toeriste as in die somertyd. Die spesiale groepstarief beloop **R51 990** per persoon.

***Reisplan***

**Vrydag, 17 Oktober** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG → ATHENE**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vanaf Johannsburg en Kaapstad na Europa met ***Qatar Airways***. Oornag aanboord na aandete. Ons land die volgende oggend in **Athene**, die hoofstad van mooi **Griekeland**.

**Saterdag tot Sondag, 18-19 Oktober** **ATHENE**
- Busvervoer vanaf die lughawe na die Athene-hotel en vanaf die hotel na die Piraeus-hawe.
- Een nag verblyf in 'n sentraalgeleë hotel, met ontbyt ingesluit.
- 'n Halfdag stadstoer van Athene. Moenie die imponerende Parthenon by die Akropolis misloop nie, dit is argitektoniese perfeksie wat ouer as 2 500 jaar is!






**Sondag, 19 Oktober tot Dinsdag, 28 Oktober** **TIEN DAE BOOTVAART OP DIE *NORWEGIAN V!VA***
- Alle maaltye en vermaak, asook hawe-belastings is ingesluit.
- As bonus ontvang elke kajuit 'n gratis Internet-pakket, asook $50-afslagbewyse vir land-ekskursies.
- Opsionele land-ekskursies is beskikbaar en ons sal bystand verleen om dit so billik as moontlik te doen.

Die gesaghebbende ***Cruiseline*** skryf as volg oor die ***NORWEGIAN V!VA***:
Welcome aboard the all-new **Norwegian Viva**, the next stunning ship in the brand-new Prima Class, designed for you to live life to the fullest. Wide-Open Spaces: Explore the greater wide open aboard the most spacious new cruise ship at sea with the most outdoor deck space so you can get up close and personal with the ocean. Experiences Beyond Expectation: Dip into the horizon in the infinity pools, zoom around our three-story racetrack and discover exciting experiences for everyone from bow to stern. First-Rate Service: Never have to wait a second for that second round – or anything else. With the highest staff-to-guest levels of any new ship, you'll always feel prioritized and pampered.






Die binnekajuite van die ***V!VA*** is van die ruimste ter see

The ***Norwegian V!VA*** operates ***Freestyle Cruising***. The most obvious difference between *Freestyle* and traditional cruising, is that the *Norwegian Viva* has a wide selection of different restaurants available for meals on a flexible basis to suit guests, rather than the rigid two sitting system. Guests can plan their evening around what they want to do, rather than around fixed mealtimes.

Die **reisplan** is as volg:

- **Sondag**: Vertrek om **20:00** vanaf die Piraeus-hawe, wat net buite Athene geleë is.
  Ons bus sal ons reeds vroegmiddag by die ***NORWEGIAN V!VA*** besorg. Geniet solank 'n eerste buffet-ete by die *Surfside Grill & Café Buffet* op die sewentiende dek en verken die pragtige boot.

- **Maandag**: **See-dag**
  Vandag vaar ons in 'n suidelike rigting deur die Griekse Eilande op weg na Egipte. En daar is tyd om alles te geniet wat op die *Norwegian V!VA* aangebied word!
  ► 18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Commodore Restaurant*.





Van ***Alexandria***, geleë by die Mediterreense See, tot by Egipte se ***ikoniese piramides***!

- **Dinsdag en Woensdag**: Besoek **Alexandria (vir Kaïro en die Piramides)** van **06:00** tot Woensdag **17:00**.
  "Alexandria is the second largest city in Egypt and the largest city on the Mediterranean coast. It lies at the western edge of the Nile River delta. Founded in c. 331 BC by Alexander the Great, Alexandria grew rapidly and became a major centre of Hellenic civilisation, eventually replacing Memphis, in present-day Greater Cairo, as Egypt's capital. Called the "Bride of the Mediterranean" internationally, Alexandria is a popular tourist destination."

  Ons het byne twee volle dae om Egipte te beleef! Die afstand tussen Alexandria en Kaïro is ongeveer 220 km en 'n rit tussen die twee stede neem ongeveer twee en 'n half uur. Met 'n ekskursie na Kaïro kan 'n mens die ikoniese **Piramides en Sphinx van Giza**, *Khan el-Khalili* ('n gewilde bazaar in die historiese hartjie van Kaïro), die besondere *El-Moez straat* en interessante Egiptiese museums besoek.

- **Donderdag:** Besoek **Limassol (Ciprus)** van **10:00** tot **18:00**.
  "A strategic garrison for Richard the Lionhearted during the Third Crusade, Limassol provides many archaeological sites, as well as an array of contemporary designer shops for exploring. The island of Cyprus is also home to two ancient kingdoms - Kourion and Amathus."
  ► 18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Hudson's Restaurant*.

- **Vrydag**: Besoek **Rhodes (Griekeland)** van **10:00** tot **19:00**.
  "This Greek island just off the coast of Turkey exudes beauty and history. Take a walking tour of the old fortified city and stand in awe of the impressive Grand Master's Palace. See where the Colossus of Rhodes, a onetime Wonder of the World, once stood and savour the charm of this remarkable walled town. Along the scenic coast lies the whitewashed town of Lindos with its ancient acropolis and stunning views."



***Limassol*** in Ciprus



Die skilderagtige ***Rhodes-eiland***

- **Saterdag**: Besoek **Santorini-eiland (Griekeland)** van **09:00** tot **21:30**.
  "Whitewashed villages clinging to the sides of the sea cliffs have made the volcanic island of Santorini one of the most widely photographed places in the world. The island's charm and subtle mystery have even made it a target of speculation as the location of the lost city of Atlantis."

- **<u>Sondag</u>**: Besoek **Mykonos (Griekeland)** van **07:00** tot **18:00**.
  "Mykonos is a classic Greek Island with whitewashed houses, blue-domed churches and windmills. Add a reputation for beautiful beaches and you'll understand why Mykonos is the most popular island in the Cyclades. The island has an area of 85.5 square kilometres and rises to an elevation of 341 metres at its highest point. At the 2021 census, there were 10,704 inhabitants, most of whom lived in the largest town, Mykonos, which is on the west coast. The town is also known as Chora."



***Santorini-eiland***



Die bekoring van ***Mykonos***

- **<u>Maandag</u>**: Besoek **Kusadasi (Turkye)** van **06:30** tot **12:30**.
  Hierdie hawestad in die suide van Turkye het sy eie sjarme. Dis maklik om vanaf die boot die stad te verken. Daar is ook 'n interessante mark en winkels wat 'n mens binne 'n kort afstand van die boot kan besoek. Natuurlik moet 'n men sook nie vergeet om al die soorte *Turkish Delights* te proe nie!

  Die ruïnes van die antieke Bybelse stad **Efese** is ook naby geleë en kan met 'n ekskursie besoek word. Efese is die bes bewaarde Grieks-Romeinse stad en een van die wêreld se voorste argeologiese terreine. Besoek onder andere die Odeon, Biblioteek van Celsus, Hadrianus-tempel, die Agora, die Marmerstraat en die amfiteater (met sy 25 000 sitplekke!).
  **18:00**: 'n Gesamentlike afskeidsete is vir ons groep bespreek in die *Commodore Restaurant.*



*Die antieke Bybelse stad **Efese**, naby Kusadasi*



*Kleurvolle **Istanbul** in Turkye*

**<u>Dinsdag, 28 Oktober</u>** **ISTANBUL →**
Ons arriveer vroegoggend om **08:00** in Istanbul, Turkye. Na 'n laaste ontbyt aanboord moet ons hierdie wonderlike boot groet!

"**Istanbul**, formerly known as **Constantinople**, is the largest city in Turkey, serving as the country's economic, cultural and historic hub. The city straddles the Bosporus strait, lying in both Europe and Asia, and has a population of over 15 million residents, comprising 19% of the population of Turkey. Istanbul is the most populous European city, and the world's 15th-largest city."

Op pad na die Istanbul Internasionale Lughawe, doen ons 'n besigtigingstoer na van die hoogtepunte van hierdie interessante stad. Ons sal beslis ook 'n draai maak by die *Grand Covered Bazaar*, met sy meer as 4 000 winkels!
Ons ***Qatar Airways***-vlug vertrek om 20:10 vanaf Istanbul. Aandete word op die vlug bedien.

**<u>Woensdag, 29 Oktober</u>** **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Na 'n vroeë ontbyt en 'n wonderlike ***Mediterreense-bootvaart*** vanaf Athene tot Istanbul land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas tussen Johannesburg & Athene en Istanbul & Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 750 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ 'n Tien-dae bootvaart op die Medittereense See met die ***Norwegian V!VA***. Akkomodasie in "*inside staterooms*" met alle maaltye, vermaak en hawe-belastings ingesluit.
- ✓ Elke kajuit ontvang 'n gratis Internet-pakket, asook $50-afslagbewyse vir land-ekskursies.
- ✓ Verblyf vir een nag in 'n sentraalgeleë hotel in Athene, met ontbyt ingesluit.
- ✓ Besigtigingstoer van Athene, asook vervoer tussen die lughawe/hotel/hawe.
- ✓ Busvervoer na die Internasionale Lughawe in Istanbul, met 'n kort besigtigingstoer van die stad.
- ✓ Bystand om die land-ekskursies tydens die bootvaart so billik as moontlik te doen.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R51 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2024 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R18,50.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- Die bybetaling vir 'n opgradering na 'n venster- of balkon-kajuit is op aanvraag beskikbaar.
- Schengen-visumkoste van ongeveer **R1 800** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente verskaf.
  Gelukkig het Suid-Afrikaners vanaf 2023 nie meer visums nodig om Egipte te besoek nie.
  Vir Turkye kan ons aanlyn visums gratis vir al die toerlede uitreik.
- Begroot tussen **R3 000** en **R6 000** vir opsionele land-ekskursies (afhangende van hoeveel jy wil spandeer), wat ons so billik as moontlik sal probeer doen.
- Verpligte diensfooie van ongeveer **R3 250** vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- Groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R390** vir die 13 dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Ten minste 26 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R6 800** moet met bespreking vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 5 Julie 2025** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: VIVA/ en u van

Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:

*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za




Verken **Kusadasi** in Turkye se kleurvolle strate

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995